



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAL, MALMESBURY OP MAANDAG, 21 FEBRUARIE 2022 OM 15:25

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Rdh M A Rangasamy (Speaker)

Beampes:

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

'n Verskoning is ontvang vanaf die Munisipale Bestuurder, J J Scholtz.

3. VORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 20 JANUARIE 2022

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Januarie 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2022

Besluit/

4.2/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Februarie 2022 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 16 FEBRUARIE 2022

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die regstelling van Uitvoerende Burgemeester se naam.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdl N Smit)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan (1) die regstelling van die Uitvoerende Burgemeester se naam en (2) die vervanging van rdl D G Bess se naam met rdd M van Zyl onder item 1.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 14 FEBRUARIE 2022

6.1.1 ITEM 3.2: BYWONING VAN SALGA NASIONALE KONFERENSIE (WYSIGING VAN DATUM EN AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES)

BESLUIT [ter vervanging van UBK-besluit 3.2 van 14 Februarie 2022]

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Onderburgemeester, raadslid Janetta Maria de Beer asook raadslid Nicolene Smit afgevaardig word om die SALGA Nasionale Konferensie vanaf 2 tot 4 Maart 2022 by die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum by te woon as verteenwoordigers van Swartland Munisipaliteit;

6.1/...

- (b) Dat die Munisipale Bestuurder, Joachim Jacobus Scholtz afgevaardig word om die konferensie virtueel by te woon;
- (c) Dat raadslid De Beer in haar hoedanigheid as Uitvoerende Onderburgemeester aangewys word as stemgeregtigde lid van die afvaardiging;
- (d) Dat die uitgawes verbonde aan die fisiese bywoning van die Konferensie vanuit die toepaslike posnommers betaal word, te wete 9/204-329-2329 (*Delegations and Congresses*) en 9/204-1209-2391 (*Travel and Subsistence: Accommodation*).

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2021/2022 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die aanvaarding van 'n Aansuiwingsbegroting vir die 2021/2022 finansiële jaar deur die Raad op 27 Januarie 2022 het wysigings aan die Dienslewering en Begroting-implementersplan (SDBIP) genoodsaak.

Die gewysigde 2021/2022 SDBIP is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2021/2022 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 TENDER L01/21/22: VERVREEMDING VAN RESIDENSIËLE ERWE TE ABBOTSDALE (12/2/B)

Die voormalige Raad het op 26 Augustus 2021 goedkeuring verleen vir die vervreemding van ses (6) erwe op Abbotsdale by wyse van 'n mededingende proses.

Die uitnodiging aan tenderaars om monitêre aanbiedinge te maak het op 19 November 2021 gesluit. Die tendervoorwaardes het toegelaat dat 'n monitêre aanbieding op meer as een erf gemaak kan word, maar die aankoop sal beperk word tot slegs een (1) eiendom. Daar is dus met tenderaars, waar nodig, gekonsulteer aangaande hul voorkeur eiendom.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat Tender L01.21.22 vir die Verkoop van Residensiële Eiendomme soos volg toegeken word, BTW uitgesluit:

Erf nr	1580	1581	1582	1583	1584	1585
Joseph Kesilwe					R135000.00	
Moleko Shadrack		R136 000.00				
Daniel Frederik Grobbelaar			R140 000.00			
Mogamat Abrahams	R170 000.00					
Wilhelm Dreyer						R151 000.00
Maria Kesilwe				R140 000.00		

- (b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van die erwe soos per voormelde skedule;

7.2/...

- (c) Dat voormelde persone in kennis gestel word van die moontlike vestiging van 'n huistaverne op Erf 107, Abbotsdale alvorens die onderskeie tenders toegeken word;
- (d) Dat sou enige van die goedgekeurde transaksies nie realiseer nie, goedkeuring verleen word dat die volgende hoogste bod aanvaar mag word, totdat die transaksie suksesvol afgehandel kan word;
- (e) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first served' basis verkoop mag word teen die reserwepryse soos voormeld, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendomme vanaf 'n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak, en met dien verstande dat die verkope van sodanige eiendomme beperk sal word tot hoogstens een erf per koper en dat die reservering van eiendomme vir 'n bepaalde koper beperk sal word tot 'n periode van hoogstens een kalendermaand.

7.3 OOREENKOMSTE VIR DIE HUUR VAN KANTOORAKKOMMODASIE TE MALMESBURY (12/1/2-8/5, K1.2-VOL 1&3)

Die ooreenkomste vir die huur van kantoorakkommodasie in die sg. Santam-gebou (Erf 497, Malmesbury) en Checkers, 1ste vloer (Erf 2552, Malmesbury) is op 4 November 2021 opgesê en verstryk op 30 Junie 2022.

Die huurooreenkoms bepaal dat die verhuurde eiendom in dieselfde toestand gelaat moet word as by die aanvang van die huurtermyn. Tydens 'n inspeksie met die huurder is bepaal dat daar sekere herstelwerk benodig word. 'n Kosteberaming is gedoen en beloop die uitgawe ±R80 000,00.

Die huurder het voorgestel om die deposito van R7 537,00 terug te hou en die huurder vry te stel van enige herstel- en reparasiewerk, aangesien die eienaar self verbeteringe wil aanbring.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die Munisipaliteit se kontraktuele verpligtinge rakende onderhoud en herstelwerk by beëindiging van die huurooreenkomste t.o.v. die Santam- en Checkers-huurpersele, sowel as die kostes verbonde daaraan wat beraam word op ± R80 000,00;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat afstand gedoen word van die deposito's ten bedrae van R19 747,50, in ag genome dat die Munisipaliteit spaar aan tyd en moeite (betreffende onder andere die verkrygingsprosesse) asook geld (d.i. 'n beraamde besparing van R60 000,00).

7.4 VERHURING: MALMESBURY MUSEUM (12/1/3/1-8/1)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche gee agtergrond tot die befondsing van die onderskeie museums in die munisipale gebied, maar ten spyte kry al die museums finansiële swaar.

Die huurooreenkoms met die Malmesbury Museum het op 31 Desember 2021 verstryk. Die Malmesbury Museum is begerig om die gebou geleë op Erf 169, Prospectstraat, Malmesbury vir 'n verdere termyn te huur ten einde die Malmesbury Museum te akkommodeer. Die Museum het tydens 'n vergadering met amptenary versoek dat die voorstelle, soos in die verslag vermeld, om die Museum finansiële tegemoet te kom oorweeg word.

Besluit/...

7.4/...

BESLUIT

(op voorstel rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdh T van Esssen)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms gesluit word met die Malmesbury Museum vir die huur van die fasiliteite te Erf 169, Malmesbury, vir 'n verdere periode van 36 maande, met ingang vanaf 1 Januarie 2022;
- (b) Dat 'n huurtarief van R120,00 per jaar, plus BTW, goedgekeur word;
- (c) Dat goedkeuring verleen word vir die huurder om die stoofasiliteit op Erf 169 te mag onderverhuur, met dien verstande dat die gebruik daarvan beperk sal word tot die parameters van die huidige sonering; alternatiewelik, dat oorweging verleen word deur die Administrasie aan die moontlike gebruik van die fasiliteit deur die Munisipaliteit en – in ruil – om 'n verhoging van die Museum se hulptoekenning te oorweeg vir doeleindes van die 90-dae konsep meerjarige bedryfsbegroting.

7.5 KANTOORAKKOMMODASIE: SINETHEMBA (12/1/3/1-1/1)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van die gebou geleë te Erf 1216, Abbotsdale aan Sinethemba vir die aanbied van gemeenskapsgebaseerde gesondheidsdienste.

Die huurtermyn het op 31 Januarie 2022 verstryk en Sinethemba het versoek om die huurooreenkoms vir 'n verdere termyn van een (1) jaar te verleng.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms gesluit word met Sinethemba vir die huur van 'n gedeelte van die gebou op Erf 1217, Abbotsdale vir die lewering van gemeenskapsgebaseerde gesondheidsdienste;
- (b) Dat 'n huurtarief van R120,00 per jaar, plus BTW, goedgekeur word;
- (c) Dat die huidige voorwaardes van verhuur onveranderd bly.

7.6 VERHURING VAN GEDEELTE ERF 730, DARLING: SWARTLAND MUNISIPALITEIT/DEPARTEMENT OPENBARE WERKE (WESKUS NOOD MEDIESE DIENSTE) (K2/2/2)

Die Raad verhuur 'n gedeelte van Erf 730, Darling aan die Departement van Openbare Werke vir die bedryf van die Ambulansdienste (Weskus Nood Mediese Dienste).

Die huurtermyn verstryk op 28 Februarie 2022 en is die Departement van Openbare Werke begerig om die huurtermyn met 'n verdere drie (3) jaar te verleng.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat 'n huurooreenkoms gesluit word met die Departement van Openbare Werke vir die verhuring van 'n gedeelte van Erf 730, Darling vir die bedryf van die Weskus Nood Mediese Dienste;
- (b) Dat die tarief van R100,00 per maand plus BTW goedgekeur word;
- (c) Dat die huidige huurvoorwaardes van toepassing bly.

7.7 HUUROOREENKOMS: LITTLE DARLINGS CRÈCHE (17/9/2/R)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche lig die verslag toe en noem dat Erf 4048, Darling in 2018 aan Little Darlings Crèche verhuur is vir 'n termyn van drie (3) jaar om lg. in staat te stel om 'n permanente struktuur op te rig.

7.7/...

Little Darlings Crèche het aanvanklik aangedui dat hulle nie oor die finansiële vermoëns beskik om 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum gedurende die huurtermyn te kon oprig nie en is die huurtermyn met ingang van 1 Maart 2021 met een (1) jaar verleng.

'n Versoek is vanaf Little Darlings Crèche ontvang om die huurtermyn met 'n verdere jaar te verleng, aangesien hulle nou finansiële ondersteuning verkry het om 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum op te rig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat 'n een (1) jaar huurooreenkoms met Little Darlings Crèche m.i.v. 1 Maart 2022 aangegaan word vir die huur van erf 4048, Darling vir die oprigting van 'n Vroeë Kinderontwikkelingsentrum;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120,00 per jaar plus BTW;
- (c) Dat indien Little Darlings Crèche homself as behore finansiël volhoubaar bewys, oorweging geskenk sal word aan die vervreemding van die betrokke erf aan genoemde instelling in die toekoms.

7.8 HERSTRUKTURERING: KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISME-VERENIGING – NUWE AKTE VAN OPRIGTING (9/1/3/B)

Die proses om 'n nuwe toerismemodel vir die Swartland te ontwikkel het reeds in 2019 'n aanvang geneem en is daar aanvanklik twee modelle oorweeg as basis vir die herstrukturering. Die goedgekeurde model behels die stigting van 'n nie-winsgewende organisasie in 2021/2022 en die aanwys van 'n Raad van Verteenwoordigers.

Die voorgestelde Akte van Oprigting is met die sakelys gesirkuleer en bevat die verslag 'n tydsraamwerk van aksies wat moet volg om die nuwe toerismemodel te implementeer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die Akte van Oprigting vir die te stigte Swartland Toerisme nie-winsgewende maatskappy;
- (b) Dat kennis verder geneem word van die tydlyne en aksies om die nuwe maatskappy in bedryf te stel.

7.9 YZERFONTEIN TOERISME: SKENKING VAN TWEE YZERFONTEIN KARAVANSTAANPLEKKE TYDENS KARAVAN BUITELUG EKSPLO WAT PLAASVIND OP 25-27 FEBRUARIE 2022 IN MIDRAND (9/1/3/B)

Die Yzerfontein toerismebeampte is afgevaardig op Swartland Toerisme tydens die jaarlikse Buitelug Karavaan Ekspo vanaf 25 tot 27 Februarie 2022 by die Gallagher Konferensiesentrum in Midrand te verteenwoordig.

Die ekspo word jaarliks deur 'n groot aantal besoekers bygewoon – 32 665 in 2020 en 25128 in 2019.

Die toerismebeampte sal getaak word om die Weskus as 'n gesogte bestemming aan die Gautengse toeriste te bemark. Al die dorpe van die Swartland sal verteenwoordig word deur produkte uit die Swartland, unieke besienswaardighede en buitelug aktiwiteite te bemark en te vertoon. Daar word voorgestel om twee geskenkbewyse vir Yzerfontein Karavaanstaanplekke vir twee nagte elk beskikbaar te stel tydens die Ekspo.

Besluit/...

7.9/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat twee Yzerfontein karavaanstaanplekke vir twee nagte elk gebruik word as geskenkbewyse deur die Kaapse/Weskus Swartland Toerisme by die Karavaan Buitelug Ekspo in Midrand op 25 – 27 Februarie 2022;
- (b) Dat die geskenkbewyse nie gebruik mag word gedurende 'n Paasnaweek of Desember vakansieseisoen nie, en onderhewig sal wees aan beskikbaarheid en die normale parkreëls;
- (c) Dat die geskenkbewyse nie aan enige ander persoon(e) oordraagbaar is nie.

7.10 AFSKRYWING VAN ONINBARE EN ANDER SKULD, DESEMBER 2021: DEERNISHUISHOUDINGS TEN BEDRAE VAN R3 360 515,82 EN ANDER ONINVORDERBARE SKULD TEN BEDRAE VAN R514 897,31 (5/7/3)

Die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton gee agtergrond tot die afskrywing van oninbare skulde. Mnr Bolton noem dat die sosio-ekonomiese omstandighede van deernishuishoudings, alhoewel hulle subsidie op dienste ontvang, dit onmoontlik maak om hul maandelikse rekening op datum te hou. Die aantal huishoudings op een erf het hoë waterverbruik tot gevolg wat verder aanleiding gee tot verhoogde skuld.

In die geval van ander uitstaande debiteure is alle moontlike pogings aangewend om gelde in te vorder en is die aanduiding dat uitstaande bedrae nie ontvang gaan word nie en vir afskrywing oorweeg moet word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesecondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R3 360 515,82 ten opsigte van deernishuishoudings, afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R514 897,31 ten opsigte van ander uitstaande debiteure, afgeskryf word as oninvorderbaar soos per die individuele redes;
- (c) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;
- (d) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (e) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

7.10/...

- (f) Dat verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (g) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak is, weer tydens die volgende vergadering voorgelê sal word;
- (h) Dat enige BTW op dienste gehê op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;
- (i) Dat die Kredietbeheerafdeling pogg om besoeke aan die deernishuishoudings te bring, ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van 'verantwoordelike verbruikers' aan hulle duidelik te maak, asook om die installeering van 'n waterbeheermeganismestelsel en die werking daarvan aan die deernishuishoudings te verduidelik, ten einde voorkomende Kredietbeheer toe te pas;
- (j) Dat verdere goedkeuring verleen word dat die kostes met betrekking tot die vervanging van die konvensionele elektrisiteitsmeter deur 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter, deur die Munisipaliteit gedra word en dat die Hoof Finansiële Beampte die kostes van die Deernistoekenning sal verhaal;
- (k) Dat kennis geneem word van toekomstige pogings om aansluitings te beperk in 'n poging om verbruikers te dwing om die nodige dienste aansluitings te kom teken.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2022 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Rdh T van Essen versoek dat die nodige regstellings gemaak word aan die uitstaande skuld van munisipale amptenare.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2022.

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2022 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN NOTABOEKREKENAARS VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (8/1/B/2)

Die Covid 19-pandemie het 'n wêreldwye tekort aan rekenaartoerusting tot gevolg en kan afleweringstydperodes van tussen 4 en 11 maande verwag word indien formele tenders met spesifieke tenderspesifikasies aangevra word en toerusting gevolglik ingevoer moet word.

Daar is vasgestel dat verskaffers 'n groot aantal rekenaartoerusting op 'n keer invoer vir die algemene mark, en sal by ontvangs van 'n vaste bestelling die toerusting beskikbaar stel. Kwotasies is dus ingewin om 8 notaboekrekenaars te bekom vir die nuwe voltydse raadslede.

7.13/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie deur die Munisipale Bestuurder om nie formele tenders in te win nie, maar die kwotasie van *Technology Strategy Corp* vir die aankoop van x8 notaboektrekenaars ten bedrae van R215 960,00 (BTW uitgesluit) te aanvaar;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Daar is 'n wêreldwye tekort aan rekenaartoerusting as gevolg van die Covid 19-pandemie, en was dit onprakties om notaboektrekenaars deur middel van 'n formele tenderproses aan te skaf, aangesien dringende aflewering verseker moes word om die nuutverkose Burgemeester, Onderburgemeester, Speaker en lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee toe te rus om hul pligte na te kom;
 - (ii) Die enigste praktiese opsie was om kwotasies te vra van invoerders wat reeds notaboektrekenaars op bestelling gehad het vir die algemene mark, en om 'n kwotasie dienooreenkomstig te aanvaar;
 - (iii) Aangesien drie (3) kwotasies ontvang is teen die sluitingsdatum waarvan die laagste kwotasie aanvaar is, is 'n mededingende verkrygingsproses gevolg en word die koopprys as billik en redelik beskou;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is om die uitgawe ten bedrae van R215 960,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/118-64-729 te verreken;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN VERKEERSLIG, MALMESBURY – N7, DARLINGWEG KRUISING (8/1/B/2)

Die verkeerslig wat die verkeer by die afrit vanaf die N7 beheer het slegs af en toe gewerk en 'n situasie geskep, waar veral swaarvoertuie, soms die verkeerslig verontagsaam het. Dringende herstelwerk is aan die foutiewe verkeerslig benodig om ernstige ongelukke te voorkom.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie deur die Munisipale Bestuurder om nie tenders in te win nie en die kwotasie van *EJL Works (Pty)* te aanvaar ten bedrae van R32 032,18 (BTW ingesluit) vir die herstel van die verkeerslig ten einde die noodsituasie aan te spreek;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die langdurige wanfunksionering van die verkeerslig wat die verkeer beheer wat die N7 verlaat, was 'n noodgeval en dringende herstel was noodsaaklik om die gevaarlike en potensieel lewensgevaarlike omstandighede te verlig;
 - (ii) Die aanstelling van 'n bekende spesialis was die enigste praktiese opsie om die vinnige herstel aan die verkeerslig te fasiliteer;
 - (iii) Die koste vir die herstelwerk word as billik en redelik beskou;

7.14/...

- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe toegewys is na posnommer 99/247-1185-727 (Verkeersligte) en dat daar voldoende fondse beskikbaar is vir die bestelling ten bedrae van R32 032,18 (BTW ingesluit);
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN WATERPOMP VAN BRANDWEERVOERTUIG, TOYOTA LANDCRUISER, CK 28574 IN RIEBEEK VALLEI (8/1/B/2)

The Toyota Land Cruiser is die enigste brandweervoertuig wat in die Riebeek Vallei beskikbaar is om 'n brandweerdienst te lewer en daarom is die herstelwerk aan die waterpomp dringend benodig.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie deur die Munisipale Bestuurder ten opsigte van die goedkeuring vir die herstelwerk aan die waterpomp van brandweervoertuig, CK 28574 (Toyota Land Cruiser) deur *F.E.S. Manufacturing (Pty) Ltd* ten bedrae van R45 857,53 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) die brandbestrydingswaterpomp op die brandweervoertuig het uitgebrand, wat gelei het tot 'n noodgeval weens die aard van die diens wat gelewer moet word. Dit was nie moontlik om drie kwotasies te bekom nie, weens die feit dat die waterpomp uitmekaar gehaal moes word;
 - (ii) Die brandweervoertuig is die enigste brandbestrydingsvoertuig in die Riebeek Vallei en is die herstelwerk as 'n noodgeval hanteer, aangesien daar 'n voertuig beskikbaar moet wees vir die blus van brande;
- (d) Dat die uitgawe van R45 857,53 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/1-14/5 verreken word en dat voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN "AIR SCOUR BLOWER", MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die "air scour blower" is 'n belangrike komponent in die membraanstelsel van die Malmesbury Riolsuiweringswerke om te verseker dat die suiweringsprosesse die gewenste uitvloeisel van afvalwater lewer. Dit is noodsaaklik dat die meganiese komponente op 'n gereelde basis gediens en herstel word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie deur die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die diens en herstelwerk aan die Aerzen blower-eenheid by die Malmesbury Riolsuiweringswerke deur Aerzen Airgas (Pty) Ltd, synde die oorspronklike vervaardiger-ondersteuner in Suid-Afrika;

7.16/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Aerzen Airgas (Pty) Ltd is die oorspronklike vervaardiger-ondersteuner in Suid-Afrika vir die Duits-vervaardigde Aerzen-belugtingseenhede;
 - (ii) Die diens kan dus slegs gelewer word deur 'n alleen dienste verskaffer;
- (d) Dat die uitgawe teen posnommer 9/239-57-104-1128 verreken word en dat voldoende fondse beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R78 450,97 (BTW uitgesluit);
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 SLUITING VAN KANTORE OP 17 JUNIE 2022 (2/6)

Swartland Munisipaliteit het ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar vir die negende keer 'n skoon oudit verkry. Daar word voorstel om Vrydag, 17 Junie 2022 as 'n afdag aan personeel toe te staan as beloning vir elke amptenaar se bydrae tot die skoon oudit.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat, as gevolg van die verkryging van die negende skoon oudit, goedkeuring verleen word dat die munisipale kantore op Vrydag, 17 Junie 2022 mag sluit vir die dag;
- (b) Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat hierdie 'n eenmalige vergunning is en dat dit nie weer in die toekoms toegestaan sal word nie;
- (c) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee;
- (d) Dat, met hierdie vergunning, oortyd betaal word vir tye gewerk teen die Saterdagtarief.

7.18 ALGEMENE JAARVERGADERING: PLAASLIKE OWERHEDE AFTREEFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 38ste Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds vind plaas op 27 Mei 2022.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word dat mnr A Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds op 27 Mei 2022;
- (b) Dat raadsheer T van Essen (sekundi, rdl J M De Beer) genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

7.19 BENOEMING VAN KRIEKETVELD TE GABRIEL PHARAOH SPORTGRONDE, DARLING (17/9/2/2-3)

'n Skrywe is vanaf die Darling Krieket Klub ontvang waarin versoek word om die krieketveld by die Gabriel Pharaoh Sportgronde as die Gert Fortuin Oval te benoem.

BESLUIT dat die item oorstaan om verder te besin oor 'n geskikte publieke deelnameproses.